BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES 05.

Die geboorte van Jesus tot hemelvaart.

Met Jesus se doop het daar iets besonders gebeur. Die Gees van God het sigbaar, soos 'n duif op Hom neergedaal. Hier staan ons weer voor 'n misterie. Niemand kan sê dat die Heilige Gees nie tevore by Jesus was nie [Hy was nou byna dertig jaar oud]. Tog kom die Gees nou op 'n ander wyse op Hom. Hy word gedoop met die Gees. Die sigbare verskyning van die Gees wil sê dat die teendeel van die sondeval hier met Hom gebeur. Die Heilige Gees is weer by Hom soos voor die sondeval by die eerste Adam. Die eerste Adam het oor homself en die hele menslike geslag 'n vermindering gebring in die teenwoordigheid en werking van die Heilige Gees. Jesus, die tweede Adam, het weer die Heilige Gees ten volle. Sy openbare optrede as die Messias kan nou begin.

1. LEES Matteus 4:1; Markus 1:12 en Lukas 4:1.
   Uitgesluit die versoek van Satan, val twee sake 'n mens op met die lees van hierdie verse. Wat is dit?

2. Waarom is Jesus versoek?

3. LEES Lukas 4:16-18,21; Efesiërs 6:17.
   In Lukas 4 vind ons Jesus se tweede openbare optrede. Wat het Hy hier gedoen?

Gedurende sy omwandelinge, onderrig Jesus nogal heelwat oor die Heilige Gees. Daar is drie gevalle waar Jesus oor baie belangrike sake van die Heilige Gees onderrig gee, naamlik aan Nikodemus, die dissipels en die skrifgeleerdes. Ons kyk nou na elkeen van hierdie gevalle afsonderlik.

4. LEES Johannes 3:3.
   Wat sê Jesus hier vir Nikodemus? Wat is die woord wat ons hiervoor gebruik?

5. LEES Johannes 3:5 en 4:14.

In vers 5 word van water en van die Gees gepraat. Hoe verstaan u hierdie vers?

6. LEES Lukas 11:13 en HK Sondag 45 vraag en antwoord 116.
Volgens Lukas 11moet ons gedurig bid om die Heilige Gees. Waarom?

7. Alle sonde is sonde teen die Heilige Gees. Maar nie elke sonde is dié sonde teen die Heilige Gees nie. Dié sonde teen die Heilige Gees word nie vergewe nie. In Matteus 12:22-32 [en Markus 3:20-30; Lukas 11:14-23] het Jesus 'n duiwel uit 'n duiwelbesetene uitgedryf. Die Fariseërs sê dat Hy die duiwels uitdryf deur die owerste van die duiwels. Jesus verduidelik dat dit deur die Gees van God is. So noem die Fariseërs dus eintlik die Heilige Gees die owerste van die duiwels. In hulle verset teen Jesus kan hulle nie meer raaksien dat die bose geeste uitgaan deur die Heilige Gees nie. En dit moet ons raaksien: hierdie godsdienstige leiers wat uit die Skrif en deur die Heilige Gees genoeg verligting ontvang het om te weet dat dit Jesus is wat die uitdrywing gedoen het, verwerp Hom nogtans.

LEES: Hebreërs 6:4-8; 10:25-29 en 1Johannes 5:16-16.
Hoe verstaan u sonde teen die Heilige Gees in die lig van hierdie verse?

B. <u>ANTWOORDE</u>.

1. die eerste saak wat opval, is die Heilige Gees wat op die voorgrond staan. Dit is Jesus se eerste optrede nadat Hy met die Gees gedoop is. Die Heilige Gees lei Hom nou na die woestyn om versoek te word. Volgens Markus het die Heilige Gees Hom uitgedryf in die woestyn.
Die tweede opvallende wat ons moet raaksien, is dat die versoeking in die woestyn plaasvind. Dit staan teenoor die eerste versoeking wat in die paradys

plaasgevind het. Dit was juis die paradys waar alles volmaak was. Nou is dit die woestyn waar lyde ervaar word deur die mens wat versoek word.

2. die eerste mens, Adam wat die in sonde geval het, het die Gees van God in hom gehad. Hy is deur Satan versoek in die paradys en Satan het die stryd gewen. Die tweede mens, Jesus, was ook vol van die Heilige Gees. Weer kom Hy te staan voor Satan – net soos die eerste Adam. Maar nou wen die tweede Adam die stryd in die krag van die Heilige Gees en verwerf daardeur die lewe vir die mensheid. Wat dus in die begin van Jesus se openbare optrede in die woestyn gebeur, is tiperend van sy volle werk op aarde. Dit is dat Hy deur sy lyding volle oorwinning oor Satan sal behaal.
3. Jesus is deur die Heilige Gees gesalf om die blye boodskap te bring. So sien ons dat daar 'n nou verband is tussen Jesus, die Heilige Gees en die Woord van God.
4. Letterlik staan daar: as iemand nie van bo af gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie ingaan nie. Dit dui op die Heilige Gees wat in ons kom woon. Die woord wat ons hiervoor gebruik is die wedergeboorte.
5. In hierdie vers sê Jesus dat as iemand nie uit water en Gees gebore word nie, hy nie die koninkryk van God kan ingaan nie. Die gedagte rondom die Heilige Gees en wedergeboorte is baie duidelik in hierdie vers. Die vraag wat na vore kom is hoekom Jesus nou water saam met die wedergeboorte gebruik. Vir sommige mense gaan dit hier oor die doop. Ander sien hier 'n sinspeling op wat met die natuurlike geboorte gebeur. Ons moet egter onthou hoe die Johannes evangelie geskryf is. Elke gesprek [preek] van Jesus word opgevolg deur 'n geleentheid [daad]. So word die preek aan Nikodemus opgevolg met Jesus se optrede teenoor die Samaritaanse vrou [hoofstuk 4]. En Jesus se toepassing in hierdie gedeelte? Dat water op Homself sinspeel. Water wys vooruit na Jesus as die lewende water. Dit beteken dat niemand gered sal word indien hy/sy nie 'n nuwe lewe gekry het wat alleen deur Jesus en die Heilige Gees gegee kan word nie.
6. Lukas 11 vertel aan ons hoe Jesus sy dissipels leer bid. Hy beklemtoon dan dat die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat tot Hom bid. Die HK verwys ook na hierdie gedeelte in Lukas 11:13. Gelowiges moet gedurig bid om die Heilige Gees. Die Vader is getrou en sal hulle dan met sy Gees vervul. Dit gaan dus hier oor die vervulling met die Heilige Gees en oor groter heiligmaking deur die gawes van die Gees.
7. Hebreërs 6 beklemtoon dat die persoon reeds baie van die evangelie weet en beleef het [6:4-5]. Sonde teen die Heilige Gees kom dus van 'n gelowige wat weet en verstaan waaroor die evangelie en verlossing gaan en dit aanvaar het. Maar weens opsetlike agterlosigheid, veragter die persoon in die geloof en kom dan by 'n punt waar hy nie net die evangelie ontken nie, maar dit radikaal verwerp en bespotlik maak [6:6; 10:29].

Dit is belangrik om te verstaan dat dit die aard van hierdie sonde is wat dit onvergeeflik maak. Hierdie persoon verwerp die enigste offer wat daar vir die sonde is [10:26]. Die persoon in Hebreërs 6 en 10 verwerp dus die redding wat God aanbied naamlik Jesus Christus. Wie die offer van Christus minag, kan nie gered word nie.

****